



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# AFRIKAANS HUISTAAL V2

**NOVEMBER 2009**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.

5. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Beantwoord ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: ongeveer 40 minute
   AFDELING B: ongeveer 55 minute
   AFDELING C: ongeveer 55 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

**INHOUDSOPGAWE**

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

| **AFDELING A: GEDIGTE**<br><br>**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** |
| 1 (23) | Opstelvraag | 10 punte |
| **OF** | | |
| 2 (By die eeuwending) | Kontekstuele vraag | 10 punte |
| **OF** | | |
| 3 (Marilyn Monroe: foto in rou ) | Kontekstuele vraag | 10 punte |
| **OF** | | |
| 4 (27 april 1994) | Kontekstuele vraag | 10 punte |
| **EN**<br><br>**Ongesiene gedig: Beantwoord EEN vraag.** | | |
| 5 (Jan Tuisbly se spannetjie) | Opstelvraag | 10 punte |
| **OF** | | |
| 6 (Jan Tuisbly se spannetjie) | Kontekstuele vraag | 10 punte |
| **AFDELING B: ROMAN**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.** | | |
| 7 (Die kwart-voor-sewe-lelie) | Opstelvraag | 25 punte |
| **OF** | | |
| 8 (Die kwart-voor-sewe-lelie) | Kontekstuele vraag | 25 punte |
| **OF** | | |
| 9 (Manaka Plek van die Horings) | Opstelvraag | 25 punte |
| **OF** | | |
| 10 (Manaka Plek van die Horings) | Kontekstuele vraag | 25 punte |
| **OF** | | |
| 11 (Vatmaar) | Opstelvraag | 25 punte |
| **OF** | | |
| 12 (Vatmaar) | Kontekstuele vraag | 25 punte |
| **AFDELING C: DRAMA**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.** | | |
| 13 (Krismis van Map Jacobs) | Opstelvraag | 25 punte |
| **OF** | | |
| 14 (Krismis van Map Jacobs) | Kontekstuele vraag | 25 punte |
| **OF** | | |
| 15 (Mis) | Opstelvraag | 25 punte |
| **OF** | | |
| 16 (Mis) | Kontekstuele vraag | 25 punte |

LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en C.

**KONTROLELYS**

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE WAT BEANTWOORD MOET WORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe Gedigte) | 1 – 4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene Gedig) | 5 – 6 | 1 | |
| B: Roman (Opstel- of kontekstuele vraag) | 7 – 12 | 1 | |
| C: Drama (Opstel- of kontekstuele vraag) | 13 – 16 | 1 | |
| **LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en C.** | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

**Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**23 – Breyten Breytenbach**

jou brief is wonderlik, nog groter en ligter
as die gedagte aan 'n blom wanneer die droom
tuingrond is,
jou brief gaan oop iets ontvou
en van buite kom daar lug kom daar woorde
kom ruimte,

ek het in groen weivelde geslaap
ek het op die rand van die dal van doodskaduwee
in die laaste nagwaak
gelê en luister hoe die veroordeeldes
deur gange in die grond gelei word,
hoe hulle sing,

met die asems in die monde
soos inwoners wat op vertrek staan
omdat die stad brand, hoe hulle sing
met die asems soos boeie,
hoe hulle sing,
hulle wat van die donker in die lig gaan spring
hulle wat gepos gaan word na 'n bestemminglose adres,
en ek het die onheil gevrees

die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders
is leeg, ek het as op my hoof,
my beker is leeg,

en ek het na jou brief gevlug en gelees
van die lemoenboompie oortrek van wit bloeisels
wat oopgaan met die son,
ek kon dit ruik op die balkon,
ek kan jou ruik

nog heerliker en ligter as die gedagte aan 'n blom
in hierdie donker nag,

ek sal aan jou woorde aan die lug hang,
gee dat ek in jou brief mag woon
in lengte van dae

*envoi*,
jou brief is wonderlik, nog groter en ligter
die gedagte aan 'n blom wanneer die droom
tuingrond is,
                    jou brief gaan oop iets ontvou
en van buite kom daar lug kom daar woorde
kom onthou,

[Uit: *Voetskrif,* 1976]

Bespreek en evalueer die ooreenkomste en verskille tussen hierdie gedig en Psalm 23 in die 1933-vertaling van die Bybel in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. Dui die getal woorde wat jy gebruik het, aan. **[10]**

**OF**

**VRAAG 2**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**By die eeuwending – Louis Esterhuizen**

Hoe is dit moontlik
hierdie eeu met sy atoombom en rewolusie
met sy kolonies
en globale oorloë hoe is dit moontlik
hierdie eeu met sy maanlanding
en gestroopte kruis, met sy
hoogoonde en strafkampe met sy diktators
en martelare
Hoe is dit moontlik hierdie millennium
met sy kruisvaart sy seereise
en vreemde vastelande met sy ontploffing
van kennis
hoe is dit moontlik
hierdie millennium met sy gewelddadige soeke
na identiteit met sy lugvaart en ruimte
verkenning

Hoe is dit moontlik in die enkele klik
van 'n lewe ook nog die oerknal
van liefde

[Uit: *Opslagsomer,* 2001]

2.1 Waarna verwys die titel van die gedig? (1)

2.2 Beantwoord die vrae:

2.2.1 Met watter digvorm het ons hier te make? (1)

2.2.2 Gee EEN rede vir jou antwoord. (1)

2.3 Dui ’n voorbeeld van alliterasie uit strofe 1 aan. Onderstreep die betrokke klank duidelik. (1)

2.4 Wat is die funksie van die herhaling van ‘Hoe is dit moontlik’ (reël 1, 9, 13, 17) in die gedig? (1)

2.5 Waarna verwys:

2.5.1 ‘globale oorloë’ (reël 4) (1)

2.5.2 ‘gestroopte kruis’ (reël 6) (1)

2.6 Bespreek die kontras tussen die slotvraag (reël 17 tot 19) en die voorafgaande vrae in die gedig. Noem TWEE feite. (2)

2.7 Waarom is dit funksioneel dat die slotreël so kort is? (1)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 3

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Marilyn Monroe: foto in rou – Joan Hambidge**

Beskeie waag ek
vanaand ’n gedig
oor jou Nee eintlik vir jou

ek wou begin:
die argetipiese seksgodin
wat ander voor en na
leepoog weg laat kyk

besluit: té dramaties
gewigtig lomp
ensovoort

my onvermoë word nou
net ’n oomblik lank
opgehef

wanneer ek met ’n skok
Bert Stern se L.A.-foto
sien

dat toeval hier net toevallig
was, glo ek nie
Marilyn Monroe in rou!

net die skouers wys effe
lyf (verder niks)
soos ons gewoond was

jou kop skalks weg áfgedraai
jou hand voor jou mond
asof jy stil waarsku: ek word nie meer gebruik

jou linkeroog bot toe
selfs die wimpers glimmend swart
dan: die immer wit gebleikte hare

O altyd witter ja witter as sneeu
begin swart uitskif
in jou sagte swanenek
hiervolgens moes jy wel weet
(kyk selfs die moesie wit)
of was jy reeds tot-die-einde-toe

moeg?
die dood is net 'n droom

[Uit: *Hartskrif,* 1985]

3.1 Verklaar die gebruik van die dubbelpunt in die titel. (1)

3.2 In reël 1 kom inversie voor. Verduidelik die funksie daarvan. (1)

3.3 Watter woord in strofe 1 impliseer die spreker se onsekerheid oor hoe om ’n gedig oor so ’n besondere persoon te skryf? (1)

3.4 Die spreker wou ’n gedig oor Marilyn Monroe as seksgodin skryf. Wat het die spreker van besluit laat verander? (1)

3.5 Waarom word die uitroepteken in reël 19 gebruik? (1)

3.6 Wat beteken ‘weg áfgedraai’ in reël 23? (1)

3.7 Dui die ironie aan in die gebruik van ‘witter’ (reël 29). (2)

3.8 Wat is die geïmpliseerde betekenis van ‘tot-die-einde-toe’ (reël 34)? (1)

3.9 Verklaar in jou eie woorde ‘die dood is net ’n droom’ (reël 36). (1)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 4

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**27 april 1994 – Vincent Oliphant**

uiteindelik vou ek die verlede toe
knyp sy vlerk tussen duim en vinger vas
tot hy veilig deur ’n gleuf in die geskiedenis glip
en anderkant
wonderbaarlik
vry
die duif van vrede sy blou vlerke sprei

sodat my nuutgebore stem na woorde smag
om ’n lied vir my land
soos ’n vlag aan die tong te laat sweef
bo die geruislose val van skanse van die vel

sodat ek vry uit die vervreemding tree
om in die oë van vergetenes en langverlorenes
uiteindelik myself te kan sien
soos iemand wat ek nooit geken het nie

om aan hulle die hand te gee
en te voel hoe vlees en vlees ontmoet

want een lyn van bloed loop deur die eeue
loop deur die ganse geskiedenis
loop deur elke uithoek van die land
loop deur my en loop deur jou
van Genesis tot nou

[Uit: *Die sagte vlees*, 1998]

4.1 Na watter belangrike gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse geskiedenis verwys die titel? (1)

4.2 Herlees strofe 1 en 5.
By watter woord in strofe 5 sluit ‘uiteindelik’ (strofe 1) aan? (1)

4.3 Met watter proses is die spreker volgens reël 1 tot 3 besig? (1)

4.4 Hoe word die spreker se vryheid in strofe 1 tipografies beklemtoon? (1)

4.5 Watter verstegniese middel wend die spreker aan om die begrippe ‘vrede’ en ‘vlerke’ (reël 7) te koppel? (1)

4.6 Wat is die funksie van die enjambemente in die gedig? (1)

4.7 ‘Stem’ (reël 8) het ’n tweeledige betekenis. Noem die TWEE betekenisse. (2)

4.8 Haal ’n frase uit die gedig aan wat aansluit by die tema van versoening. (1)

4.9 Waarom is daar ’n verwysing na ‘Genesis’ (reël 22) in die gedig? (1)
**[10]**

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**Beantwoord VRAAG 5 OF VRAAG 6.**

**VRAAG 5: OPSTELVRAAG**

**Jan Tuisbly se spannetjie – Etienne van Heerden**

1 deesdae kies baie vuurvlieë
2 koers na Kanada of Australië
3 maar ons geankerdes sal gekreef
4 in singels van die steenbok leef;
5 met ’n suiderkruis opgesaal
6 ver van huis ’n halfrond afgedwaal,
7 gepos deur ’n verdwaalde skippie
8 op Afrika se soutste tippie,
9 ’n spesie wit en vreemd
10 ingeburger tuis ontheemd.

[Uit: *Die laaste kreef,* 1987]

Besin oor die opdrag hieronder en skryf enkele goed gestruktureerde paragrawe, van 250 – 300 woorde in totaal. Dui die getal woorde wat jy gebruik het, aan.

Die gedig handel oor Suid-Afrikaners wat verkies om in die land te bly alhoewel andere emigreer. Bespreek hoe hierdie tema uitgebeeld word deur te verwys na:

- Die woordgebruik in reël 1 tot 5 en die betekenis daarvan
- Die alliterasie (VIER voorbeelde) en die funksie daarvan
- Die betekenis van die titel **[10]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

**Jan Tuisbly se spannetjie – Etienne van Heerden**

deesdae kies baie vuurvlieë
koers na Kanada of Australië
maar ons geankerdes sal gekreef
in singels van die steenbok leef;
met ’n suiderkruis opgesaal
ver van huis ’n halfrond afgedwaal,
gepos deur ’n verdwaalde skippie
op Afrika se soutste tippie,
’n spesie wit en vreemd
ingeburger tuis ontheemd.

[Uit: *Die laaste kreef*, 1987]

6.1 Die titel van die gedig is ’n vervorming van ’n Afrikaanse idioom/spreekwoord/ uitdrukking.

Wat is die idioom? (1)

6.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Watter woord kan die woorde ‘kies koers’ (reël 1 tot 2) vervang om die tema van die gedig te verwoord?

A Emigreer
B Vlieg
C Navigeer
D Immigreer (1)

6.3 Watter woord in die gedig dui die wending aan? (1)

6.4 Dui ’n voorbeeld van alliterasie in reël 4 aan. (1)

6.5 Beantwoord die volgende vrae:

6.5.1 Benoem die rymskema van die gedig. (1)

6.5.2 Wat is die funksie van die spesifieke rymskema? (1)

6.6 Van watter halfrond het die mense volgens reël 6 afgedwaal? (1)

6.7 Waarna verwys ‘tippie’ in reël 8? (1)

6.8 Watter woord in reël 1 tot 3 het min of meer dieselfde betekenis as ‘ingeburger’ in reël 10? (1)

6.9 Hoe sal jy die stemming van die gedig beskryf? Skryf EEN woord neer. (1)
**[10]**

## AFDELING B: ROMAN

**Beantwoord EEN vraag.**

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Skryf 'n opstel van 400 – 450 woorde waarin jy aandui hoe die titel van die roman verband hou met die blommotief as tema. Verwys in jou antwoord na die volgende aspekte:

- Die titel van die roman en Iris se voortdurende strewe om te blom
- Die betekenisse van Iris se naam en die invloed wat dit op haar lewe het
- Ander karakters se beskouings oor Iris se naam
- Die 'blomgeleenthede' wat Iris ontvang
- Die insig waartoe Iris kom oor haar naam en wat dit beteken 'om te blom' **[25]**

**OF**

### VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

"Met wie is jy nou besig?" het die Engel gevra.
"Ek dag jy kan gedagtes lees? Met myself, natuurlik. Die ander kon ek in 'n paragraaf of 'n paar sinne afmaak; ek self is meer gekompliseer."
"Ja," het hy saamgestem.
"Ek word daartoe gedwing," het ek geprotesteer. "Ek is 'n student van homo sapiens. As ek rotte kon gebruik, het ek seker. Jy kan hulle in koue aanhou en soveel keer per dag verby die hokke loop en aantekeninge maak aangaande hulle gedrag. Ek kan nie dieselfde met mense doen nie. Ek kan ook nie marmotte in plaas van rotte gebruik nie. Marmotte dreig nie om gif te drink nie. Rotte maak nie hulle beddens nat omdat hulle nie wil hê hulle pa moet met Bettie trou nie. En die enigste eksemplaar in gevangenskap, kan jy maar sê, is ek self. Ek is te alle tye beskikbaar en gewillig om mee te doen, om ontleed te word."
"Ek het niks gesê nie," het die Engel gesê.
"Maar ek moes my motiewe verduidelik."
"Waarom?"
"Wel, omdat ek bang is jy dink …"
"Dink wat?"
Ek het geswyg. "Wat gaan ek doen?" het ek uiteindelik gevra. "Ek wou teruggaan New York toe. Ek wou weer in die strate rondloop en met Billy gesels. Hy gaan lag as hy my been sien. Hy gaan vra of die moordenaars my

> toe tog beetgekry het. En Joe gaan lekker kry. Hy gaan sê dis my verdiende loon, dis wat gebeur met meisies wat goue kanse, soos hy my wou gee, deur hulle vingers laat glip."

8.1 "Met wie is jy nou besig?" het die Engel gevra (reël1).

8.1.1 Wie is die 'jy' met wie die Engel hier praat? (1)

8.1.2 Waarmee is die 'jy' besig? (1)

8.1.3 Waar bevind die 'jy' haar? (1)

8.1.4 In watter twee opsigte help die ruimte die 'jy' om tot sekere insigte te kom? (2)

8.1.5 Hoe het die 'jy' aan die Engel gekom? (1)

8.1.6 Noem TWEE funksies wat die Engel in die 'jy' se lewe vervul. (2)

8.2 Lees reël 1 tot 13.

8.2.1 Watter soort verteller word in die uittreksel gebruik? (1)

8.2.2 Spreek jou uit oor die geslaagdheid van dié verteller, al dan nie. (2)

8.3 Tussen watter twee wêrelde bevind die verteller haar voortdurend? (2)

8.4 Van watter karakters is 'marmotte' en 'rotte' in reël 9 tot 10 metafore? (2)

8.5 Wat was Bettie se mening oor die verteller se blomgeleentheid? (1)

8.6 'Ek wou teruggaan New York toe. Ek wou weer in die strate rondloop en met Billy gesels.' (Reël 19 tot 21)

8.6.1 Wie is Billy? (1)

8.6.2 Wat kan jy uit reël 19 tot 21 aflei omtrent die verteller se verhouding met Billy in die lig van die destydse Suid-Afrikaanse politieke situasie? (2)

8.6.3 Met watter ander karakter in die roman het die verteller dieselfde soort verhouding gehad? (1)

8.7 'En Joe gaan lekker kry.' (Reël 22)

Watter verbintenis is daar tussen die verteller en Joe? (1)

8.8 Verduidelik kortliks waarom die verteller se kommunikasie met Billy verskil van haar kommunikasie met haar eie gesin. (2)

8.9 Beantwoord die volgende vrae:

8.9.1 Watter karaktertrek van die verteller blyk uit hierdie uittreksel? (1)

8.9.2 Motiveer jou antwoord deur spesifiek na die uittreksel hierbo te verwys. (1)
**[25]**

## VRAAG 9: OPSTELVRAAG

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

’n Buitestander in die letterkunde is iemand wat in ’n wêreld of gemeenskap woon, waarvan die waardes en strewes vir hom/haar totaal irrelevant is. So ’n karakter het gewoonlik ’n hoër verwagting of strewe en wil uiterstes belewe. Hy kan meer geïnteresseerd wees oor vrae oor die aard van die lewe as in die mense om hom.

Evalueer in 400 – 450 woorde in hoe ’n mate Baas Chipman as hoofkarakter in *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* ’n buitestander is.

Dink in jou antwoord aan:

- Hoe Baas se jeugjare hom isoleer
- Sy optrede teenoor die Lozi’s van Barotseland
- Sy optrede teenoor die sendelinge
- Hoe sy buitestanderskap opgehef/volgehou word **[25]**

**OF**

## VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

> “Ek voel baie sleg, neef,” sê oom Scholtzie vir Baas. Hy snuif. “Ons het sake lelik kom omkrap vir jou. Dinge is nie altyd soos ’n mens gedink het dit sal wees nie. Die Here het hierdie plek op my hart gelê. Jare lank al oorheers die behoefte om sy werk hier in stand te hou my lewe; as jy verstaan wat ek bedoel.”
>
> “Ja, dis nou jammer van die ding dat ek ook hier is, oom Scholtzie.”
>
> Baas lê met toe oë. Die engte onder die bakkie en die opkyk na die kruiskoppeling wat hy op lyn probeer pas, het die naarheid teruggebring. “Daar is ook nie juis ander plekke wat geskik is hier langs die rivier nie. Die oewer is klipperig, hoër op loop die walle sommer regaf. Maar miskien kan ’n mens ’n plek kry, bietjie weg van die rivier af, om die sendingstasie te bou.”
>
> “Ek glo nie dis hoe die Here dit bedoel het nie, neef. Hierdie Manaka is die plek waar Hy sy vlammetjie aangesteek het ... baie lank gelede. Niemand weet eens mooi hoe en wanneer nie.”

10.1 Oom Scholtzie sê: 'Ons het sake lelik kom omkrap,' (reël 1 en 2). Na wie verwys hy? (2)

10.2 Hoe het hulle sake vir Baas omgekrap? Noem TWEE dinge. (2)

10.3 "Dinge is nie altyd soos 'n mens gedink het dit sal wees nie." (Reël 2 en 3) Hierdie uitspraak is van toepassing op Baas se drome, maar ook op die omstandighede wat oom Scholtzie-hulle op Manaka aantref. Verduidelik kortliks in VIER sinne. (4)

10.4 Waarom is Baas naar (reël 8) en lê hy met toe oë (reël 7)? (1)

10.5 Verduidelik hoe reël 13 tot 14 met die tema van die roman skakel. (2)

10.6 Watter soort verteller is in hierdie uittreksel aan die woord? (1)

**EN**

By sy kamp dra Baas Morena se horings teen die bult uit en slaan dit bokant Manaka se naambord teen die stutpaal vas. Meneer Johnnie help hom om die planke en die stutpaaltjies te verf vir die bankies wat onder die worsboom gebou moet word. 'n Groot voertuig ratel tussen die ysterklipkoppe in die hoofpad tot stilstand. Whitey kom in sy blou oorpak teen die bult af geloop.

"Howzit?" Hy hou Baas aan die skouer vas. "Ek het maar daar bo stilgehou," sê hy toe Baas nie antwoord nie. "Ek kom eintlik net hoor of ek nie daardie seuntjie by jou kan leen nie. Ek wil hom stuur."

"Ja, hy is groot genoeg om gestuur te word. Ons moet net hoor of hy gestuur wíl word. Sitali!"

"Ek sal voor vanaand terug wees." Whitey sit sy hand op Sitali se kop.

"Vat die Land Rover," bied Baas aan.

"As jy nie omgee nie. En moenie stres nie. Een van die dae koop ek en jy vir ons elkeen 'n dosyn nuwe pontbote."

"Waar gaan julle heen?" vra Baas.

"Ek vertel jou later. Ek het 'n droom gehad."

**EN**

10.7 Verduidelik waarom die vaskap van Morena se horings bo Manaka se naambord (reël 1 en 2) so 'n belangrike mylpaal vir Baas verteenwoordig. Dui ook aan hoe dit met sy oupagrootjie verband hou. (4)

10.8 Wat dui die vaskap van Morena se horings en die herstel van die bankies onder die worsboom (reël 4) ten opsigte van Baas se lotsaanvaarding en sy toekomsvisie aan? (2)

10.9 Whitey kom in reël 4 tot 6 op Manaka aan. Watter familieverwantskap bestaan daar tussen Baas en Whitey en watter karaktereienskap (familiekwaal) deel hulle? (2)

10.10 Na watter stamgebruik van die Lozi's word in hierdie uittreksel verwys? (1)

10.11 Hoe pas Baas die spesifieke stamgebruik aan? (2)

10.12 Whitey sê hy het 'n droom gehad (reël 17). Wat het hy gedroom en is sy droom bewaarheid? (2)
**[25]**

## VRAAG 11: OPSTELVRAAG

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Een van die belangrikste temas in *Vatmaar* is dié van liefde wat oor die grense van taal, ras, klas en geloof strek. Ontleed hierdie tema in 'n opstel van 450 – 500 woorde waarin jy na die volgende verhoudings in die roman verwys:

- Oom Chai en Korporaal Lewis
- Oupa en Ouma Lewies
- Ma Khumalo en haar twee 'aanneemkinders'
- Kenny en Kaaitjie **[25]**

**OF**

## VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Lees onderstaande teks deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

Toe Kaaitjie uiteindelik haar oë oopmaak, het ek gesê: Dankie, Here, en gehardloop vir die rooilaventelbottel en 'n halwe koppie water. Maar toe ek by die huis uitkom, was sy al weer weg.

Sus Bet het gebid, die meeste van die tyd in haar Griekwa-taal, maar ook in onse taal. Ek het Kaaitjie se hart gevoel en dit het nog geklop en dit het my hoop gegee. Sus Bet het toe gedraf om 'n roosmaryntak te gaan haal. So in die terughardloop het sy die blare tussen haar vingers gekneus. Ek het nog altyd my hand op Kaaitjie se hart gehou en al wat ek kon sê was: Asseblief, my Here … Oor en oor.

Sus Bet het haar hand met die gekneusde roosmarynblare onder Kaaitjie se neus gedruk. Toe maak die kind haar oë oop en vra: Is dit waar?

Ons het haar nie geantwoord nie. Sus Bet het net vir haar gesê: Drink eers dié. Ek het haar kop opgelig en sy het die rooilaventel baie stadig gesluk. Sy kon nie op nie, haar hele lyf was pap. Ek het 'n kombers en 'n bokvel gaan haal sodat sy 'n bietjie kon lê en haar kragte terugkry. Sus Bet het my met die vinger op die lippe beduie dat ons nie moet praat nie, en vir Kaaitjie die orige rooilaventel gegee om te drink.

Ek moes haar toe die huis invat want die mense het begin verbyloop begraafplaas toe.

Ek het gehoor Mister May het die doodskis gebring, maar hy moes arme Normy se bene breek om hom in die kis te kry. Toe het hy die deksel toegemaak en vir Reverend Elias Cobb van die Congregational Kerk van die Pan gewag.

Dit is een van sy mense, het Mister May gesê.

Oom Chai het nie hiervan gehou nie. Jy meen een van Norman se geliefdes se mense, het hy gesê en agterna gemompel: Slawejas.

Ek kon nie begrafnis toe gaan nie, het Tant Wonnie verder vertel, want ek moes vir Kaaitjie oppas. Ek het gehoor Oom Chai het die tentpen weer in sy ou gat ingeslaan.

12.1 "Toe Kaaitjie uiteindelik haar oë oopmaak …" (Reël 1)

12.1.1 Watter nuus het veroorsaak dat Kaaitjie flou geraak het? (1)

12.1.2 Wat was die werklike, geheime rede vir Kaaitjie se ontsteltenis? (2)

12.2 Watter soort verteller is in hierdie uittreksel aan die woord? (1)

12.3 Noem TWEE voordele van hierdie vertelwyse. (2)

12.4 Watter karaktertrek van die verteller blyk uit hierdie leesstuk? Motiveer jou antwoord. (2)

12.5 Waarna verwys 'onse taal' in reël 4 tot 5? (1)

12.6 Sus Bet behandel Kaaitjie met roosmarynblare en rooilaventel.

12.6.1 By watter ander geleentheid het Sus Bet ook vir Kaaitjie medies versorg? (1)

12.6.2 Hoe skakel Sus Bet se optrede in hierdie uittreksel met die tema van liefde sonder grense? (2)

12.6.3 Hoe sou jy Sus Bet se rol in die Vatmaar-nedersetting beskryf? (2)

12.7 '… Mister May het die doodskis gebring …' (Reël 19)

Watter rol het Mister May in die Vatmaar-nedersetting vervul? (1)

12.8 Wat kan jy uit reël 19 aflei omtrent die verteller se verhouding met Norman? (1)

12.9 Watter verbintenis was daar tussen die verteller en Norman? (1)

12.10 'Dit is een van sy mense' (reël 22).

Wat bedoel Mister May met hierdie woorde? (1)

12.11 Waarom noem Oom Chai vir Mister May 'Slawejas' (reël 24)? (1)

12.12 '… een van Norman se geliefdes …' (Reël 23)

12.12.1 Wie was uiteindelik Oom Norman se enigste erfgenaam en hoe was hierdie persoon aan Oom Norman verwant? (2)

12.12.2 Oom 'Norman' se naam was voorheen 'Borman'. Verduidelik die simboliek van hierdie naamsverandering. (1)

12.13 '… Oom Chai het die tentpen weer in sy ou gat ingeslaan.' (Reël 26)

12.13.1 Watter rol het Oom Chai in die Vatmaar-nedersetting vervul? (1)

12.13.2 Verduidelik kortliks wat die verband tussen Oom Norman en die tentpen was. (2)
**[25]**

## AFDELING C: DRAMA

**Beantwoord EEN vraag.**

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die dramateks wat julle in die klas behandel het.

## VRAAG 13: OPSTELVRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Johnnie Jacobs, oftewel Map Jacobs, staan sentraal in hierdie drama. Skryf 'n opstel van 450 – 500 woorde waarin jy sy karakterbeelding en karakterontwikkeling ontleed. Verwys in jou antwoord na:

- Sy uiterlike voorkoms
- Hoe hy homself beskryf/Wat hy oor homself sê
- Wat ander karakters van hom sê
- Hoe hy optree en wat hy doen
- Hoe sy karakter ontwikkel/groei **[25]**

**OF**

## VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

### *KRISMIS VAN MAP* JACOBS – Adam Small

Lees die onderstaande teks deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

MAP: Ek is nog ôrait, Ma ... ‘is Map ... ‘is Johnnie ...
*Sy kyk na hom, knik.*

MAP: Hoe gaan ‘it moet Ma?
*Sy knik dat dit “goed gaan”.*

MAP: En moet Blanchie? Sy kom ook nie meer nie ... Ek wiet sy’t ook altyd skelm gekom, sonner lat haar mense wiet ...
*Antie Grootmeisie kyk na hom, vol ontsteltenis.*

MAP: ... maar ek verkwalik haar nie ... Die social worker het weer moet my gepraat, sy’s nogal vrinnelik ...
*Sy kyk na hom.*

MAP: Miss Africa ... ’n Mens kan nogal moet haar praat.
*Sy kyk vraend op.*

MAP: Miss Africa, Ma ... Ek sê, sy’s nogal vrinnelik ...
*Antie Grootmeisie knik.*

MAP: Sy sê parole is nou due vir my, ek kom yt op die sewende wat nou kom, annermaand ...
*Antie Grootmeisie kyk lewendig op.*

MAP: Annermaand!
*Sy knik opgewonde.*

MAP: Parole, Ma ...
*Sy knik weer.*

MAP: Ek is jammer, oor dit alles Ma ... Ek het al gesê ... Ek het vir Ma al gesê, ek is jammer oor dit alles ... Ek het ge-change hierso in die tronk in. Ma wiet self. (*Driftig.*) Ek is jammer, maar Ma moet my glo, Ma móét my gló! Ek het ge-change hierso ...
*Sy skud haar kop hewig om te kenne te gee dat sy “glo”.*

MAP: Ek is ’n ge-change-de man, ek ... het die Here Jesus gevind hierso, regtig, ek sal nie lieg nie ... Dink Ma ek lieg?!
*Sy knik “nee”.*

MAP (*sektaries*): Praise the Lord, Ma! Hy vát vir jou, Hy ... Hy vat vir jou, vuil net soes wat jy is, en dan maak hy vir jou silwerskoon, Hy trek vir jou nuwe klere aan, wit klere en jy kniel voor sy troon, en Hy gee vir jou sy genade! Praise the Lord, Ma!
*Stilte.*

MAP: Hy gee vir jou sy genade!
*Stilte.*

MAP: Maar dis wáár, Ma! Ma!
*Sy knik.*

MAP: Ek en die Apostel, ons bid saam hierso binnekant, hý het die Here vir my gebring ... Het Ma al vir Blanchie gesê van my, lat ek vir Ma gesê het ek het die Here gekry, hierso ... Ma moet tog vir haar sê. En sê oek vir haar dis nou amper tyd lat ek ytkom, dis definitely die sewende van annermaand. En vra vir haar; kan sy nie weer kom visit nie, sê vir haar sy moenie bang wies nie, ek is 'n anner man, ôldou ek is of course oek nog Map Jacobs ... sê vir haar, Ma ...

14.1 Teen watter agtergrond speel hierdie uittreksel af? Skryf slegs EEN sin neer. (1)

14.2 In reël 1 verwys Map na homself as Map en Johnnie. Wat simboliseer hierdie twee name? (2)

14.3 Map voer hier 'n monoloog.

14.3.1 Waarom is dit funksioneel? Skryf slegs EEN rede neer. (1)

14.3.2 Waarom praat Antie Grootmeisie nie met Map nie? (1)

14.4 Map wil twee sake wat swaar op sy gemoed rus, met sy ma bespreek. Wat is hierdie TWEE sake? (2)

14.5 Volgens Map is Miss Africa vriendelik.

14.5.1 Wat doen sy om Map te help? (1)

14.5.2 Wat wil sy hê moet Map doen voordat hy op parool vrygelaat word? (1)

14.6 Lees weer Map se spreekbeurt in reël 5 tot 6.

14.6.1 Voltooi: Blanchie kom Map nie meer besoek nie, want sy is besig met ... (1)

14.6.2 Waarom, dink jy, het Blanchie Map altyd skelm kom besoek? Gee TWEE redes. (2)

14.7 Map sê in reël 16 en 18 dat hy "annermaand" vrykom.

14.7.1 Watter maand van die jaar is dit? (1)

14.7.2 Waaruit lei jy dit af? (1)

14.8 Map sê in reël 22 dat hy jammer is. Hy het dus iets verkeerd gedoen.

14.8.1 Watter oordeelsfout het Map begaan? (1)

14.8.2 Teken die volgende tabel in jou ANTWOORDEBOEK oor. Voltooi die tabel om aan te dui watter invloed sy oordeelsfout op die volgende persone gehad het. Dui ook aan wat sy verwantskap met elkeen van die persone is.

| **Persoon** | **Invloed van oordeelsfout** | **Verwantskap met Map** |
|---|---|---|
| Kleinmeisie Jacobs | Noem TWEE (2) | (1) |
| Antie Grootmeisie Jacobs | Noem TWEE (2) | (1) |
| Ivan Philander | Noem EEN (1) | (1) |

(8)

14.9 Dink jy dat Map se bekering, waarvan hy sy ma vuriglik wil oortuig, eg is? Motiveer jou antwoord. (2)

**[25]**

**VRAAG 15: OPSTELVRAAG**

***MIS* – R de Wet**

In *Mis* is daar 'n deurlopende stryd te bespeur tussen beswering van die bose en bevryding (ontvlugting) uit 'n beperkende bestaan. Ontleed hierdie tema in 'n opstel van 450 – 500 woorde waarin jy verwys na:

- Miem as besweerder
- Die bevryding van
  - Gertie
  - Meisie
- Die Konstabel se rol as bevryder **[25]**

**OF**

## VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

## *MIS* – R de Wet

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord dan die vrae.

MIEM: Praat tog sagter. Netnou hoor hy jou. Wie weet, miskien is sy ore so goed soos sy neus. Gertie! Moet net nie daarin trap nie. (*Kyk uit. Dromerig*) As sy trou, sal hy afkom. Hy sal net moet. Hy sal beskaamd wees as sy dogter weggegee word deur 'n ander man.

GERTIE: (*skielik skel en hard*) Kom in, julle twee! Julle wil nie koue vat nie!

MIEM: (*kwaad*) Gertie!

*GERTIE lyk verleë en gaan sit by die stoof. MEISIE lei die KONSTABEL binne. Haar wange gloei en haar oë blink. Sy maak die agterdeur toe. Die sirkusmusiek word nie meer gehoor nie.*

GERTIE: (*half verleë*) Ek weet jou sirkulasie is nie goed nie, Meisie. Sy's baie koulik, Konstabel. Ek dink dis van al die sit.

MIEM: (*kyk op na die valdeur. Hard*) Laat sak!

GERTIE: Ek gee mos liggaamsopvoeding, Konstabel. En dis waarin ek glo. (*Spring op en doen 'n paar vinnige oefeninge*) Diep asemhaal en oefening. Kyk maar vir my. My hande is nooit koud nie. Tot my tone is warm.

*Die valdeur klap oop en die tou sak vinnig ondertoe.*

MIEM: (*geïrriteerd*) Ag, toe nou, Gertie. (*Maak die tou aan die leë slopemmer vas*) Ek sê altyd te veel oefening maak 'n vrou taai en seningrig. (*Wys met haar kop*) Kyk daar, Meisie, jy het net-nou gestort! Kry 'n lap en vee dit op. (*Hard na bo*) Trek maar op! En moenie weer twee dae wag nie.

MEISIE: Ja, Ma. (*Gaan kry 'n lap en vee die spatsel op.*)

*Die valdeur klap toe. Veraf geblaf van honde.*

GERTIE: Luister. Kan julle hoor? Ek dink dis die polisie met hulle honde. (*Trippel na die venster*) Ja. Kyk net. Baie van hulle. Met flitse.

*MIEM gaan staan ook by die venster. MEISIE gooi die lap in die slopemmer onder die wastafel en gaan staan by MIEM.*

MIEM: Hulle loop langs die rivier af.

GERTIE: Hulle loop seker al om die dorp om te sien dat alles reg is.

MIEM: Ek weet nie … ek is nog onrustig. As hy regtig wil … sal niks hom keer nie.

GERTIE: Aag, nee.

MIEM: Sulke gedrogte is slinks.

GERTIE: Ek is bly ek is nie daar buite nie. Of alleen in my huis nie. (*Gril*)

MIEM: As ek dink aan die jong meisies wat ná die sirkus alleen huis toe loop …

*MEISIE en GERTIE maak angsgeluide.*

MIEM: Oor die skougronde, verby die begraafplaas en die verlate stasie.

MEISIE: Miskien vat hulle ’n ander pad.

MIEM: (*fluister onheilspellend*) Dit is seker moontlik. Al met die rivier langs. Tussen die riete en die lang gras … Onder die wilgerbome deur.

MEISIE: Hou op, Ma. Asseblief. Ek word bang.

MIEM: Toe maar, my kind. Jy hoef nie bang te wees nie. Hier is jy mos veilig. (*Asof sy met ’n kind praat*) Soos ’n voëltjie in sy nessie.

*MEISIE gaan sit en werk verder.*

16.1 ‘As sy trou, sal hy afkom.’ (Reël 2 tot 3)

16.1.1 Wie is die ‘hy’ na wie Miem hier verwys? (1)

16.1.2 Noem waar hierdie persoon hom bevind en watter kontekstuele faktor daartoe gelei het. (2)

16.2 Lees weer reël 5.

Wat is die werklike rede vir Gertie se waarskuwing aan Meisie en die Konstabel om in te kom? (1)

16.3 Beantwoord die volgende vrae:

16.3.1 In die uittreksel word ’n sekere betekenis van die titel *Mis* geïmpliseer. Wat is die betekenis? (1)

16.3.2 Haal ’n frase aan om jou antwoord te motiveer. (1)

16.3.3 Noem DRIE ander betekenismoontlikhede van die titel *Mis.* (3)

16.4 ‘Haar wange gloei en haar oë blink.’ (Reël 7 tot 8)

16.4.1 Wat kan jy uit hierdie neweteks aflei oor Meisie se gemoedstoestand? (1)

16.4.2 Verduidelik hoe hierdie aanhaling skakel met die deurlopende verwysings na *oë*, *blindheid* en *sig* in die drama. (2)

16.5 ‘Die sirkusmusiek word nie meer gehoor nie.’ (Reël 8 tot 9)

16.5.1 Verduidelik kortliks die funksie van die herhalende verwysings na die sirkusmusiek in die drama. (2)

16.5.2 Wat beteken die sirkus vir elk van die volgende karakters onderskeidelik?

(a) Meisie (2)

(b) Miem (2)

16.6 Identifiseer en motiveer ’n karaktertrek van Miem wat uit die uittreksel na vore kom. (2)

16.7 Lees weer reël 13 tot 15.

Wat is, na jou mening, die dramatiese doelstelling van hierdie spreekbeurt en neweteks? (2)

16.8 Verduidelik die funksie van die neweteks in reël 34 en 37. (1)

16.9 ‘Tussen die riete en die lang gras …’ (Reël 37 en 38)

16.9.1 Wat is die geïmpliseerde betekenis van hierdie uitspraak van Miem? (1)

16.9.2 Watter verband is daar tussen hierdie uitspraak en die Konstabel? (1)
**[25]**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou